**Reeks:** Verwaarloosde Insig oor Verhoudings
**Titel:** Oorgawe & Weerstand
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 22 Mei 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Julle het gehoor dat daar gesê is oog vir oog en tand vir tand, maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie, maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe, en hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bokleed kry, en elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.
***Mat 5:38-42 (AOV)***

Ek weet nie of jy al ooit iets gehoor het wat vir jou so vreemd is dat jy sê dit kan nie wees nie, as jy onder dertig is: no way, huh? Van 'n president wat hoeveel vrouens het, hoeveel kinders, en die helfte van die kinders is nie gebore by die vrouens met wie hy getroud is nie. Hoeveel kos dit die belastinggaarder 'n maand vir daardie huishouding? No way, huh? Het jy al so...? Bafana Bafana se afrigter kry R1.8 miljoen 'n maand. Hulle het al 'n game gewen, maar R1.8 miljoen 'n maand, huh? Hier is een van die goed wat my geskok het: Rodrigues is 'n Yankee, is 'n baseball speler in Amerika, het nou 'n kontrak geteken vir $275 miljoen. No way! Ja.
Ek dink dis wat moes gebeur het toe Jesus sy lering gee, die gedeelte waaroor ons vandag praat. No way. Kyk, daar was kere wat Jesus gesê het Ek wil vir julle goed sê, maar julle kan dit nie vat nie. Ek weet nie, hierdie keer het Hy gedink nou is julle reg, nou gee ek dit vir julle. Kyk, daar was ander kere toe Jesus goed sê, toe staan die mense op en toe loop hulle uit, toe sê hulle dis... dit werk nie. Dis te moeilik. Dit kan nie so wees nie. Nou, so as jy vanmôre dit reg verstaan wat gesê word dan kan jy ook sê no way.
Jesus sê as jy geklap word in jou gesig, nou, as ons dit nou moet vat na vandag se lewe toe, 'n ekwiwalent sal seker wees dis as jy vernedering ondergaan, as iemand jou in jou gesig spoeg en vir jou sê jy is niks nie, nê, wat doen jy? Dan draai jy die ander wang. Wat, jy staan nie op jou regte nie?
Kyk, Jesus sê die wet sê nou wel 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand, en kyk, ons wetstelsel is nog steeds op daardie selfde beginsel gebaseer, dat jy gee straf en jy dien straf toe gelykmatig aan die oortreding wat gedoen is. Jy weet, jy kan nou nie 'n ou doodmaak omdat hy jou beursie gesteel het nie. Jy gee vir hom 'n straf... nou, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand. Nou kan jy... jy het 'n reg. Jy is verneder.
Jy weet, die slawe, in die geskrifte wat ons opgegrawe het, sê ek sal eerder fisiese marteling ondergaan. Gee my lyfstraf, maar moenie vir my sê ek is niks nie. Moenie my in my gesig klap nie, huh? Is... daardie vernedering... as jou baas, vandag se tyd, miskien voor al die ander personeel en mense jou blameer, jou verkleineer vir goed wat jy dalk nie eers gedoen het nie, of jy is wel skuldig, maar voor al die ander mense?
Ons sit nou die dag saam met 'n paartjie, ek en Wilma, en hulle ken ons nie, en dit was nie vyf minute nie toe kraak sy haar man af en sy vertel hoe sleg is haar man vir ons, en ek sien hoe sak hierdie man in sy stoel weg, en sy haal die verlede op en sy slaan vir hom vir goed wat 20 jaar terug gebeur het voor ons. Jy kry nie die krediet wat jy... ag, op soveel maniere. Jy word verneder. Jou ego kry 'n hou. Wat doen jy? Laat dit gaan. Gee dit nog 'n keer [?].
Ek hoor die storie van 'n bokser, ek gaan nie sy naam noem nie want hy besoek ons dienste baie en ek... as ek hier is, dis net 'n flou grappie wat ek nou maak, hoor. Hy was 'n Suid-Afrikaanse kampioen, en toe die feit nou uitgaan dat hy tot bekering gekom het, toe hoor van sy vriende met wie hy dikwels in bakleiery was hy baklei nou nie meer nie; hy het tot bekering gekom, toe sê hulle, maar kom ons gaan toets dit, en toe kom hulle by hom, en toe loop die ou versigtig op en hy gee vir hom 'n hou op die kennebak. Hy staan, en hy steier so terug, en hy draai die ander ken. Dis wragtig so, hy... en hulle gee vir hom nog 'n hou, en toe hy hom nog 'n hou gee toe rol hy sy moue op, toe sê hy ek het geen verdere instruksies nie. Ja.
Die tweede groot ding wat met jou kan gebeur: jy kan 'n hou kry, maar jy kan... iemand kan jou onderkleed van jou eis. Wat beteken dit? Dit beteken jy word veroordeel. Iemand voel jy het my tenagekom, en omdat jy my tenagekom het eis ek nou jou onderkleed van jou. Dis 'n uitdrukking daardie tyd van nou gaan ek... iets baie naby aan jou moet jy vir my gee. Jesus sê gee vir hom jou bokleed. Jou bokleed was iets wat net jy het, jy het net een van dit, dis iets baie, baie kosbaar. Die wet het jou bokleed beskerm. Niemand... jy het regte om op te staan. Niemand mag iemand se bokleed neem nie.
Die wet was so sterk: Eksodus 22:26. As jy jou bokleed gegee het vir 'n deposito, jy wil iets koop, jy het nie geld nie, jy sê vir hulle hou my bokleed, dan sê die wet vir jou as dit koud word vanaand dan moet jy daardie bokleed vat en jy moet dit gaan teruggee vir daardie deposito wat die ou gegee het, moet jy gaan teruggee vir hom, want die Here is genadig, Hy wil nie hê iemand moet koud gaan slaap nie. Dis hoe God is. Gaan gee daardie kleed terug vir die ou. Jy het regte met jou bokleed.
Jesus sê moenie op jou regte staan nie. As iemand voel jy is tenagekom, gee vir hom jou bokleed ook. Vandag: ekwivalent, ons het 'n gesegde: wat help dit jy wen die argument, jy verloor die vriendskap? Is 'n verhouding nie

meer belangrik as enige iets anderster nie? Doen wat nodig is. Gee dit vir hom dat daardie verhouding kan herstel.
As daar 'n myl afgedwing word van jou, weereens, jy word verontreg. Die Romeine het die land ingeneem en nou is daar 'n wet uitgebring dat 'n Romeinse soldaat, hulle het baiekeer baie goed wat hulle moet dra, en veral as hulle op pas gaan of rondgaan of wat, dan mag hy enige Joodse burger vat en vir hom sê vir 'n duisend tree moet jy nou hierdie vrag vir my dra. Die wet laat jou toe, net 'n duisend tree.
Nou sê Jesus... nou, julle kan dink die vernedering. Jy kan dink hoe voel mense oor hierdie misbruik. Dis 'n onregverdige stelsel. Nou, wat doen jy as 'n Romeinse...? Jy vloek hom binne in jou. Jy bid vir hom, dat swael hom sal opvreet. Wat doen jy? Nee, jy sê vir hom is jy op pad soontoe? Nog 'n duisend, man, ek help jou nog 'n myl. Wat? No way. No way.
Paulus tel op hierdie tema op, dan skryf hy vir die slawe, dan sê hy vir die slawe, slawe, moenie oë diens verrig nie. Moenie net as die baas kom, nou skrop jy die vloer. As hy wegloop dan sê jy... dan doen jy dit... jy maak of jy... nee, nee, nee, doen dit van harte. Nou, hier is 'n ding wat baie... selfs teoloë verstaan dit nie lekker nie: Paulus word uitgekryt deur baie teoloë vandag as 'n chauvinis en 'n klassis, dat hy hierdie klasse gehad het, hy het slawerny goedgekeur.
Glad nie, glad nie wat hy gedoen het nie. Dit beteken nie ek aanvaar die totale situasie of die onreg nie, maar ek is nou 'n slaaf. Ek is in hierdie stelsel. Dit beteken nie ek mag nie teen die stelsel gaan nie, maar dit beteken dit wat ek nou hier doen in hierdie situasie doen ek van harte. Jy het 'n baas.
Iemand praat met my en vertel vir my die baas se houding is: werk is skaars, en as jy nie van die werk hou nie, loop, maar hy voel die baas het nie grense nie. Hy voel ek word misbruik. Naweke, na ure, enige ding, hy... ek moet persoonlike goed vir hom doen. Wat moet ek doen? Jesus sê, man, dan doen jy daardie ekstra stuk vir hom.
As jy in 'n verleentheid kom; die vierde ding wat Jesus sê, hulle... iemand vra vir jou gee asseblief vir my, jy weet, jy het daardie familielid wat na jou toe kom, en hy is altyd... het hy... is hy onder finansiële druk, en nou kom vra hy jou weer omdat hy dink jy het, en jy het, maar wat sê jy? Ontken, ignoreer, rasionaliseer, huh, want dis wat ons doen as... in 'n verleentheid. Skielik word ek op die spot gesit, en dan, wat sê ek vir hom?
Hy vra vir my en dan sê ek vir hom, sorry man, ek het nou niks cash hier by my nie. Ek het nie nou geld, ek kan nie vir jou iets gee nie, huh? Nee, hierdie maand is 'n baie... ek sal nie nou kan nie, nê? Ek kry verskonings, ek ignoreer, ek hoor nie die vrae nie. Ek hoor nie die vrae van armes nie, ek hoor nie die vrae van oumense nie, ek hou nie die... ek hoor nie die vrae van enkelouers nie, want ek dink dikwels enkelouers is van die segment van ons gemeenskap wat sekerlik deur die ergste pyn en lyding gaan.
'n Ma, en sy kry niks van die geskeide af nie, en sy moet kyk na die kinders. Dit... haar lewe hou op. Vir tien, 15 jaar het sy nie meer 'n lewe nie. Dis oorlewing. Sy het emosioneel niks nie. Sy werk, sy... dis 'n lyding, maar ons hoor nie. Ons hoor nie, maar as jy die hoor hoor dan is jy half verleë. Hoe hanteer jy dit? Rasionaliseer? Nee, sê Jesus, klim dadelik in, gee iets, doen iets aan daardie ding.
Nou, hierdie lering van Jesus moet natuurlik in die lig gesien word van die res van die lering van die Bybel. Jesus leer nie hier dat jy geen selfhandhawing moet hê nie. Jesus leer nie hier dat jy 'n vloerlap moet wees nie. Jesus leer nie hier dat jy apaties moet raak teenoor die lewe en 'n totale slagoffer moet wees van alles wat jou pad langs kom nie, maar wat Jesus sê is dat daar wel 'n tyd in jou lewe kom. Resist no evil. Moenie die slegte mens weerstaan nie, sê Jesus, en hy gaan... op vier maniere gaan dit na jou toe kom in hierdie lewe, en dis 'n gedeelte van die lering wat, ek weet nie of jy baie insig in dit het, of jy iets hiervan ooit gehoor het en geleer is nie.
Ons leer die ander kant baie sterk. Hierdie lering is natuurlik baie gemakliker in die Oosterse wêreld en in die Oosterse kerk wat 'n hele ander oriëntasie het teenoor die lewe, anderster kyk na die lewe, maar daar kom 'n tyd en 'n plek in jou lewe waar jy moet onderskei en waar jy moet weet jy moenie die slegte weerstaan wat jou pad langs kom nie. Daar is drie dinge wat Jesus veronderstel, wat jy in jou sal moet hê as jy dit kan doen wat Jesus hier sê jy moet doen. In die eerste plek die besef, die wete dat jy nie in beheer is van die lewe nie en dat jy... jou behoefte om te beheer sal jy moet laat gaan, jy weet.
Ons dink, ons lewe met die illusie dat ons die hele lewe kan beheer, en hierdie goed gaan nie met my gebeur nie, en as dit met my gebeur dan gaan ek dit dadelik regmaak. Ek sal dit verander want ek is in beheer, maar dit is so goed as om te dink omdat jy die regte goed doen... jy is 'n vegetariër; jy dink die bul sal jou nie storm nie. Jy gaan verras wees. Die lewe gaan jou nie skielik verbygaan of jou mis omdat jy... ek is in beheer. Jy is nie in beheer nie. Kyk, ons word groot met daardie... baie, baie klein. Fisies: beheer jou blaas, beheer jou loop, jy weet, kry beheer oor jou lyf, jy weet. Baie mooi, en doen jy dit nie: sies man, huh? Jy moet in beheer wees, dan, dan ontwikkel... jou emosies: beheer. Nee man, jy moenie so voel nie. Moenie dit... jy weet, beheer, beheer my lewe, nê, en dan sosiaal: ek beheer wat die mense van my dink, ek beheer hoe hulle na my kyk, ek... image control en management en... jy weet.
Ek kry totale beheer oor my lewe, maar wat Jesus sê is daar gaan goed met jou gebeur, jou ego gaan 'n paar blows kry in hierdie lewe. Hierdie vier Vs [?] gaan jou pad langs kom, en nie net dit nie, daar gaan lyding jou pad... en daar gaan die groot ommekeer, die reversals van die lewe gaan jy mee te doen kry, en dan skielik gaan jy besef, maar ek kan nie alles en almal beheer nie, en die lewe is nie net vriendelik nie. Daar is bad goed wat my pad langs ook kom. Nou, wat doen ek met dit?

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Kyk, ek kan in ‘n reaksie gaan, ek kan kwaad word. Hoe kan die Here dit aan my doen? Hoe kan Hy dit toelaat? Ek bring my kant, ek doen... kyk, dis die ding wat jy kan doen. Jy gaan in ‘n reaksie. Jy gaan in ‘n reaksie teenoor die mense. Ek kan nie glo hulle het dit gedoen nie.

Jy weet, ek praat nou met iemand wat sy lewe nou al vir tien jaar op hold gesit het met ‘n hofsaak. Hy kom praat met my. Ek sê vir hom ek kan net nie verstaan nie. Sy lewe kan nie aangaan nie. Dit het met jou gebeur, hoekom los jy dit nie en gaan aan met jou lewe? Al kry jy hoeveel miljoene, jy het al tien jaar verloor van jou lewe. Jy het tot stilstand gekom, want ek veg dit. Ek veg dit. Ek kan nie aanvaar nie. Jy kan net jou reaksie beheer, maar jy kan nie dit beheer wat met jou gebeur het nie. Dis ‘n realiteit, al is dit... dit is onreg, dis evil. So what, dit het gebeur.

Hier is die ander ding: jy sal moet leer om te kyk, en dis Jesus se uitnodiging, uit ‘n dualistiese mindset, paradigma, uit, en dis natuurlik as jy die bergpredikasie... as jy nie kan uitstyg bo dit nie, as jy... as jy wetties met hierdie goed begin werk is dit doodloopstrate, dan bring jy die lering dood in jou lewe. Dit bring dood, jy weet, maar jy moet bo dit kan uitstyg. Die hoe ons grootgemaak word, links, regs, dis dit of dis dit.

Jesus sê nee, dis nie dit of dit nie; dis en. Dis en. Wie sê dit is so sleg wat met jou gebeur het, huh? Wie sê God kan nie uit die bose en die slegte goed wat met jou gebeur het uit iets goeds voortbring nie? Wie sê dit? Ons het dit gesing: all shall be well. All shall be well. Dis bad, maar weet jy wat, Hy laat alles ten goede meewerk, huh? Het jy al die geslagsregister van Jesus gelees? Maak Matteus 1 oop, dan is daar net vier vrouens genoem. Kyk, dit was nie die gebruik nie. Mans word genoem in geslagsregisters, want wie is belangrik vir die voortplanting van die mens? Die man, daarom word die mans se name genoem, maar daar is vier vrouens. Vier vrouens. Dis al vier vrouens wat bietjie suspect is, huh, jy weet. Die een was ‘n sekswerker. Hoekom is sy nou in die...? Wat sê die geslagsregister vir ons? Hey, Hy laat alles meewerk. Hy werk alles mee.

Hier is ‘n ou storietjie, ‘n Chinese volksverhaaltjie, wat dit verduidelik. Die boer het ‘n wonderlike groot hings wat al die werk op die plaas doen, toe verdwyn die hings in die berge in; hy is weg. Wat sê die buurman vir die boer? Ai, dis so jammer. Dis seker die ergste ding wat met jou kon gebeur. Die ou boer is ‘n wyse man, hy kom al lank met die lewe saam. Hy het geleer om nie dadelik sommer alles te oordeel en te beoordeel wat gebeur nie, en hy sê, miskien.

‘n Paar dae later hier kom die hings met ‘n klomp merries van die berg af. Hy het die hele trop vir hom gaan haal, en hy kom... en die buurman kom en sê wat, jy is seker die gelukkigste man wat daar leef dat jy so ‘n wonderlike hings het. Hier het jy sommer nou ‘n klomp perde oornag, nê, en die ou boer sê, miskien, en hier... sy enigste seun wat hy het besluit toe hy gaan een van hierdie ander perde inbreek dat hy kan help werk. Hy klim op, hy val, hy breek sy been af, hy kan nie werk in die land nie, nou moet die boer alleen. Hulle sê, jong, jy is die... kyk, hierdie hings het net ongeluk gebring. Jy is seker die ongelukkigste boer wat daar is. Hy sê, miskien.

‘n Week later kom die militêre mag ingery, hulle soek al die jong manne wat gesond is, wat kan veg. Daar is ‘n groot oorlog op die grens en al die jong manne moet dadelik aanmeld vir oorlog, en hulle kom daar. Jy is seker die gelukkigste ou dat... jou seun se been is gebreek en dan hoef hy nie te gaan nie. Hy gaan nie nou doodgemaak word nie. Jy is seker die gelukkigste boer wat daar leef. Miskien, en so gaan die storie aan, huh? Ons is so ingestel om... ek het al hoeveel mense gehoor wat vir my sê, jy weet, ek het my werk verloor. Dit was die beste ding wat met my kon gebeur, nie toe ek deur dit gaan nie, maar as ek kyk wat daaruit gebore is...

Ons judge so maklik wat met ons gebeur, en wat Jesus eintlik hier sê is dat in hierdie slegte goed wat met ons gebeur is daar groot geskenke in opgesluit, en natuurlik is die groot ding wat Jesus hier sê is: gee mee met die lewe. Gee mee, dat... Jesus daag ons innerlike ingesteldheid teenoor die lewe uit, en Hy sê vir ons dat ons kan anderster lewe teenoor die lewe, dat ons kan hierdie ingesteldheid van geen weerstand, non-resistant wees teenoor die lewe.

Jy weet, een van die metafore wat ons baie in die Bybel en in ander plekke ook kry van die lewe is natuurlik dat die lewe soos ‘n rivier is. Jou lewe is soos ‘n rivier. Nou, jy kan teen jou lewe swem, teen die rivier probeer opswem. Weet jy wat doen jy? Jy raak moeg. Jy raak moeg, en... of jy kan probeer om die loop van hierdie rivier te verander. Dis geweldige energie en harde werk, of jy kan meegesleur word met die... gaan saam met hierdie rivier, en dis die beeld wat Jesus sê.

Hy sê hy slaan jou dan draai jy die ander kant. Hy sê hy soek hierdie... dan gee jy vir hom die boonste ene ook. Hy sê loop, dan loop jy ook... hy sê gee, dan gee... Gaan saam. Moenie teen dit veg die heeltyd nie, en soos ek sê, dit beteken nie ek aanvaar die totale situasie van slawerny nie, ek aanvaar nie die totale pakket van alles wat... ek aanvaar nie die totale onreg en sê nou is die onreg okay nie, maar as ek my huis verloor dan veg ek nie die bank en ek probeer... en ek sê vir... en ek probeer alles behou wat ek alles deur die jare bymekaargemaak het nie. Dit het nou met jou gebeur. Dit is ‘n manier om realiteit te aanvaar en te sê dit is nou so, dit het nou gebeur, en ek aanvaar dit nou. Ek gee oor. Ek gee nie op nie. Dis iets anderster om op te gee, maar ek gee oor. Ek gaan saam met dit, en ek kyk wat word nou... wat gebeur nou met hierdie goed, en dis juis deur hierdie daad wat jy juis in staat gestel word om die situasie te kan verander. Dis juis deur dit wat jy in staat gestel word, anderster vermors jy alles. Jou lewe word op hold gesit, en weet jy, ek het op ‘n gebed ‘n hele paar jaar afgekom wat ek dikwels nou al gebid het in my lewe, wat ‘n geweldige uitdagende gebed is, en dis hier waar ek nou ‘n paar no ways gaan verwag. Die gebed staan bekend as Welcoming Prayer, en die eerste stap van hierdie gebed is net om te fokus op wat is dit wat jy voel, en waar het hierdie gevoel in jou lyf gaan sit, met ander woorde wat voel ek?

© Mosaiek

Jy sê net: wat voel ek deur die nuus van die kanker? Wat voel ek? Het ek vrees? Wat het ek in my, huh, wat is daar in my, en waar het hierdie emosie gaan sit, en ons is mos almal so verskillende soorte, dit loop so in die families, jy weet. Jy kry die senuwee families, die Van der Merwes, en dan kry jy die maag families, en dan kry jy die hart families, en, jy weet, hy gaan sit êrens in jou lyf. Waar gaan sit hy?
Kyk net wat jy voel. Moenie dit probeer analiseer nie: hoekom voel ek dit en waar kon dit nou... net wat voel ek. Moet dit nie probeer manipuleer nie, dit probeer oordeel: nee, dis verkeerd, jy mag nie so voel nie. Voel jou gevoelens, jy weet, en dis nou bietjie weg van die meganistiese, dis nou bietjie weg van die control. Vat jou emosies en beheer jou. Ek weet nie...
Jy weet, hoe ouer jy word hoe meer besef jy dit werk nie so nie. Ek is nie 'n masjien nie. Ek kan nie sommer net nou besluit ek voel nie meer so nie. Hierdie goed is kragtige goed wat in my is, en jy is gemaak, nie om gevoelens te dink nie, is om gevoelens te voel. Voel jou emosies dan gebeur iets met jou, en dan doen jy hierdie geweldige volgende stap: welkom.
Jy sê nie welkom vir die kanker nie. Jy sê welkom, vrees, huh? No way? Yes way. Welkom, vrees. Dis iets ongeloofliks, die gedig wat ons gelees het van die welcome. Ek is soos 'n gastehuis, kom in, welkom. Jy gaan my nie doodmaak nie, dis wat jy eintlik se, ek is nie bang vir jou nie. Vrees, ek is nie bang vir bang nie, kom, want hoekom? Daar is 'n diep geloof in my, en wat ek dan doen is, en moenie te haastig wees om dit te voel en te sê welkom nie, dan sê jy, nou laat ek dit gaan. Ek gee dit nou, en ek laat vir al drie goed gaan: my behoefte om te beheer; my behoefte vir aansien, vir aanvaarding; my behoefte vir sekuriteit.
Jy kan maar al jou ongeluk gaan kyk waarmee jy sit, dit het te doen met een van daardie drie basiese behoeftes waarmee ons sit. Ek wil beheer. Ek wil nie in die situasie wees waarin ek nou is nie; ek wil dit anderster hê, jy weet, of ek verloor aansien. Ek wil aansien hê. Ek is so seergemaak. Wat gaan daardie mense nou van my dink? Ek verloor goed wat ek bymekaar... ek verloor my sekuriteit. Ek laat my behoefte en my begeerte om te beheer, om te besit, om aansien te hê, gaan, en jy sien wat gebeur met daardie emosies. Partykeer... bly in daardie gebed. Hang in daardie gebed vir 'n tyd. Hang 'n tyd in daardie gebed. Dit is die lering.
Weet jy wat gebeur met jou as jy so teen die rivier probeer opswem? Dit maak jou moeg. Jy weet, dis een van die goed wat jy leer by die see. As jy gevat word deur 'n seestroom, moenie probeer uit... teen die stroom swem nie. Laat die stroom jou vat, dit gaan jou lewe red, en wanneer jy... wanneer dit uitgewerk het, dan kan jy begin te werk. Dit vat soveel energie, want skielik is daar 'n breuk in die binnekant teen die lewe, nê. Ek is nie meer een met die lewe nie. Hoe kan... die lewe gebeur hierso, en dis teen my. Die lewe is 'n vyandige plek, dis nie 'n vriendelike plek meer vir my nie.
As ek dit verander, ek gee mee, dan word die wêreld 'n vriendelike plek. Hy is nie meer teen my nie. Hy vat nie meer al my energie nie. Ek sit nie met hierdie negatiwiteit nie, van verwyte nie. Ek is in alles dankbaar, huh? Het jy al daardie teks gelees? Ek is in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus vir julle.
Ek is in dit dankbaar. Ek is nie meer willful nie. Ek is willing. Ek gee mee, ek gee oor, ek gaan saam. Kan jy die verandering in jou voel? Kan jy sien wat in jou binneste gebeur, die ander energie waarmee jy begin te leef? En dan natuurlik gebeur dit om jou ook. Skielik verander die wêreld om jou.
Paulus sê as hy dors het, jou vyand, gee vir hom iets om te drink. Wat gebeur dan? Hy sê jy sal 'n hoop kole op sy kop ophoop. Dis 'n spreekwoord. Ons weet ongelukkig nie presies wat die beteken nie, maar as jy dit letterlik vat: hy gaan nie weet wat om met jou te doen nie. Het jy al 'n kooltjie... kan jy dink wat gebeur as jy 'n kooltjie op 'n ou se kop sit? Vat... jy weet, jy weet nie wat om te doen daarmee nie. Dis hoe dit gebeur.
Dis 'n groot getuienis, maar daar is 'n heel ander dinamika. Jy absorbeer die evil soos wat Jesus die bose geabsorbeer het, jy weet, Hy was uitgeskel. Hy was beledig. Hy was beskuldig. Hy het deur hierdie goed gegaan waarvan ons gelees het en Hy reageer nie. Hy absorbeer dit, en toe Hy dit absorbeer toe word dit omgesit in iets positief, in liefde. Vergewe hulle. Hulle weet nie wat hulle doen nie. Hulle is onbewuste mense. Hulle het nie consciousness nie. Hulle het nie insig nie. Vergewe hulle, laat dit gaan, en dis die effek wat dit het in jou wêreld ook.
Dit word... daardie baas, dit word geabsorbeer, en jy kan verbaas wees was gebeur met hom en wat gebeur met sy gesindheid. Dis eintlik 'n lewe van geloof. Dis... eintlik nooi Jesus ons uit om te sê jy is nie in beheer nie, maar God is in beheer, en weet jy, as die slegte goed kom, glo. Glo. Hy kan alles omdraai, Hy kan alles verander. Op hierdie manier connect ek met ultimate reality, ultimate reality wat daar bestaan. Ek lewe. Ek het 'n geloof in iets groter en buite myself. Dis nie net ek nie, dis nie net my verantwoordelikheid nie. Dis Hy. Ek glo dit. Ek gee oor aan dit en ek sien wat dit doen in my lewe en deur my lewe. Kom ons bid saam.
Vader, ons sê vir U baie dankie dat ons vanmôre so kan saam wees. O Here, U ken ons. U weet waar elkeen van ons is, en U weet dat hier van ons is vanmôre wat dalk baie diep verneder is, wat dalk 'n... baie, baie pyn het vanmôre, wat beskuldig word, ons voel dalk valslik, wat in 'n sisteem vasgevang is waar ons 'n prooi voel, waaruit ons nie kan klim nie, en dis asof boeie aan ons hande is en ons lewe beperk word en op hold gesit word.
U weet waar ons vamore is, Here. Help ons, gee vanmôre vir ons die onderskeiding. Net miskien gee U vir ons 'n sleutel hier vanmôre, ek weet, vir van ons, wat vir ons net 'n hele nuwe wêreld gaan oopsluit van vryheid, van energie, van lewe. Niks kan ons binne hou nie. Ons dank U daarvoor, Vader. Maak ons oë oop om te kan sien, en vat ons in hierdie lewe waarvoor ons bestem is, in die Naam van Jesus. Amen.
Mag jy in hierdie week wat voorlê die oorvloedige vryheid en die lewe van die Here Jesus aanvaar. Amen.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

die kuns van lewe!

© Mosaïek